

26 Oktober

Waarom is ek nie genees nie?

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 12

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 12:9

Die apostel Paulus was 'n gestremde mens. Presies wat die aard van sy gestremdheid was, is nie duidelik nie, maar dit was so erg dat dit vir hom gevoel het soos 'n doring wat gedurig in sy liggaam steek. Anders as die blinde man van Johannes 9, bid Paulus drie maal om van hierdie gestremdheid verlos te word, maar anders as in die geval van die blinde man, doen God dit nie. Paulus moet Hom juis verheerlik deur met sy gestremdheid en al sy werk te doen. As gestremde moet hy die evangelie van verlossing aan die heidenwêreld verkondig, so moet hy klein en nederig gehou word aan die voete van sy Hemelse Vader .

Tog laat die Here Paulus nie aan homself oor nie, hy sal elke dag die krag en genade ontvang om met sy gestremdheid en al die taak ten uitvoer te bring wat die Here aan hom opgedra het. Hierdie genade sal vir hom heeltemal voldoende wees, hy het niks meer nodig nie. God se genade sal so groot wees dat dit hom in staat sal stel om die werk van die Here te doen sonder om van sy gestremdheid genees te word.

Die Here verlos ons ook nie altyd van die gestremdheid of siekte wat ons teister nie, selfs al bid ons om daarvan verlos te word. Hy gebruik ons soms met ons gestremdheid en al in sy diens om die taak te verrig wat Hy aan ons opdra. So moet ons Hom verheerlik, so moet ons sy Naam groot maak, so moet ons voortdurend ons diepe afhanklikheid van Hom besef. Hy gee altyd krag na kruis. Hy giet sy genade in strome oor ons uit, soveel so dat ons te midde van ons siekte of gestremdheid kan doen wat Hy van ons vra.

Ook vandag leer sy Woord ons: “My seun, my dogter, my genade sal ook op hierdie dag vir jou genoeg wees. Ek sal jou deur hierdie dag dra, en as jy vanaand gaan slaap, sal jy met oorgawe en vreugde kan getuig: God se genade was werklik vandag vir my genoeg.”

Ds. JH Schutte (Emeritus)